HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

***SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NR. 17 VAN 2017***

22 Februarie 2017

Geagte Koorouer / -voog

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike koorsake.

## KOORTOER

- ❒ Daar is nog ‘n paar koorlede wie se **koortoervorms** *(Vrywaring en Betalingsooreenkoms)* uitstaande is. Ons vra asseblief mooi dat hierdie saak nou afgehandel word.
- ❒ Ons herinner daaraan dat **ALLE KOORTOERDEPOSITO’S** teen **Dinsdag, 28 Februarie** betaal **MOET** wees. (Let asseblief daarop dat uitstaande deposito’s op 28 Februarie sal meebring dat ‘n koorlid nie die toer sal kan meemaak nie en kan ook daartoe lei dat die skool die toer afstel.)
- ❒ Koorlede is welkom om van die **amptelike borgvorms** gebruik te maak om fondse vir die toer in te samel. Hierdie vorms moet vroegtydig by Elsa Nel tydens kooroefeninge gekry word. Die vorms en gelde moet, op die laatste, teen **31 Mei** weer by haar ingehandig en inbetaal word.
- ❒ **Neem asseblief kennis dat skoolgelde op datum (einde Mei 2017) betaal moet wees, voordat die leerders op die toer mag gaan**. Ons bring net weer die betalingsreëlings onder almal se aandag:

| | |
|---|---|
| **Deposito** | ‘n Deposito van **R 1 200** is betaalbaar teen **28 Februarie 2017.** (Indien daar meer as een koorlid uit ‘n gesin is, is die deposito **R 1 100** per kind.) |
| **Opsie 1** | Betaling van die volle oorblywende bedrag van **R 3 000** teen **30 April** |
| **Opsie 2** | Betaling van die oorblywende bedrag van **R 3 000** in drie paaiemente:<br>▪ **R 1 000** teen **31 Maart**<br>▪ **R 1 000** teen **30 April**<br>▪ **R 1 000** teen **31 Mei** |

- ❒ **Spesiale Fondsinsameling vir Koortoer-borgskappe**

  In ons poging om dit vir *alle* koorlede moontlik te maak om die Koortoer mee te maak en om verdienstelike koorlede met **borgskappe** te help, het ons ‘n spesiale fondsinsamelingsprojek geïnisieer. Ons kon ‘n baie goeie transaksie met ***Montagu Droëvrugte en Neute*** beding waaruit ons besonder goeie winste met die verkoop van droëvrugte en neute kan maak. 2017

Ons wil vriendelik vra dat al ons koorouers en koorlede by hierdie projek (1 Maart 2017 tot 31 Mei 2017) betrokke sal raak en ons sal help. Hoe meer produkte ons verkoop, hoe meer koorlede kan ons met borgskappe help. Al die nodige inligting, sowel as die produktelys en bestelvorms, sal begin volgende week aan elke koorouer en koorlid gegee word. **(Hierdie produkte mag nie by die skool verkoop word nie.)**

## KOORDRAG

Alle betrokke koorouers is die afgelope week in kennis gestel rakende hulle kinders se koordrag en die kostes daaraan verbonde. Alle koordraggelde moet asseblief teen die einde van die eerste kwartaal vereffen wees. Vir enige navrae in dié verband, skakel asseblief met Sandra Pretorius (082 452 9400).

Indien daar enige navrae of probleme is, neem asseblief die vrymoedigheid om met Norman Burger te skakel by normanburger@gmail.com of **083 444 7818.**

Vriendelike groete.

**Elsa Nel: Koorvoog** **P Booysen: Hoof**